LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 15
3 Mei 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

FINANSIëLE HULP
Ouers wat aansoek gedoen het om finansiële hulp en nog uitstaande dokumentasie het, moet dit so spoedig moontlik by mev Luiters inhandig. Indien u nog nie vir 'n afspraak gekontak is nie, skakel mev Luiters asseblief dringend by 049 8910534.

KINDERPINKSTER
Alle briefies met die **korrekte bedrag** moet asseblief op Maandag, **6 Mei 2019** by die klasonderwyser ingehandig word.

HVS OPEDAG
Hoër Volkskool hou op **Maandag, 6 Mei 2019** 'n Opedag vir voornemende graad 8 leerders (ouers welkom). Laat weet asseblief vir Brenda by LVS kantoor indien u die geleentheid gaan bywoon. Ons graad 7 leerders sal dit vanaf 12:00 tot 14:00 bywoon. Die leerlinge sal vanaf die laer- na die hoërskool stap. Na afloop van die verrigtinge kan u u kind weer by die hoërskool afhaal.

TROTS VOLKSKOOL 'buffs' en rugsakkies
Die wintersport-seisoen is hier! Kom koop jou TROTS VOLKSKOOL 'buff' @ R70 gedurende pouse by Brenda by die kantoor. Leerders mag die 'buffs' tydens sportgeleenthede dra. Daar is ook rugsakkies beskikbaar @ R50 elk.

WORSBROODJIE VERKOPING, 10 MEI 2019
Indien u kind 'n worsbroodjie wil koop vir Vrydag, 10 Mei (1ste pouse), stuur asseblief **voor** Woensdag R10 na die klasonderwyser.

SPORT

UITSLAE VAN WEDSTRYDE TEEN NEWTON PARK

RUGBY

SPAN	LAER VOLKSKOOL	NEWTON PARK
o.7A	25	5
o.8A	40	15
o.9A	12	26
o.11A	41	0
o.13A	17	15

NETBAL

SPAN	LAER VOLKSKOOL	NEWTON PARK
o.7A	0	0
o.7B	0	1
o.8A	9	3
o.8B	4	2
o.9A	2	6
o.9B	1	1
o.10A	5	3
o.10B	3	3
o.11A	4	4
o.11B	3	3
o.13B	6	11
o.13A	18	17
o.13C vs o.12A	5	8
o.13D vs o.12B	1	12

HOKKIE

Almal is baie opgewonde oor Claudia Cooke ons nuwe hokkie afrigter by die Hoërskool en ook die hokkie koördineerder van Volkskool. Dis 'n wonderlike geleentheid vir al ons kinders by LVS.
Elke Vrydagmiddag vanaf 12 April 2019 om 16:00 – 17:00 op Union se Astro gaan sy GRATIS hokkie-afrigting aanbied vir al ons kinders.

ALMAL IS WELKOM. MAAK ASB VAN DIE GELEENTHEID GEBRUIK!

Baie geluk aan Zanri Groenewald, Jani van der Merwe en Nina Loots wat deur is na die volgende rondte OP hokkieproewe wat Sondag, 5 Mei 2019, in Port Elizabeth plaasvind.

TENNIS

Maandag, 6 Mei 2019 is dit ouer/ onderwyser/ oupa/ ouma tennisdag. Kom geniet die dag saam met ons. Inskrywingsgeld is R50 per speler. Daar sal ‘n snoepie wees.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

DEUR GOD GELEI

Daar's baie wat ons nie verstaan,
waaroor ons nie helderheid kry;
daarom is dit so belangrik
om ons deur God te laat lei.

Spreuke 10:29

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803